WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

Sondag 22 Januarie – **MATT 16**

MATT 16

As gevolg van die Fariseërs se vooroordeel en selfregverdiging, het daar baie misverstand in hulle lewens ingetree.

Oor die tye (1–4). Mense glo die weerberig maar nie God se Woord nie! Hulle sien nie wat God in sy wêreld doen nie. Hou jou oë oop, en vra God vir wysheid om Sy plan te verstaan.

Oor valse leerstellings (5–12). Jesus het valse leerstellings met suurdeeg vergelyk. Dit kom klein en onbeduidend voor, maar dit groei in die geheim en deurdring gou alles (Gal. 5:9). Die enigste oplossing is om dit geheel en al te verwyder (1 Kor. 5:6–7).

Oor Jesus Christus (13–20). Die skare is verward oor Jesus; volg dit nie. Laat die Vader eerder die Verlosser aan jou openbaar (11:25–27), en bely Hom voor ander. Hy is die Seun van God.

Oor dissipelskap (21–28). In sy ydele poging om Jesus daarvan te weerhou om te ly en te sterf, het Petrus (die klip) verander in Petrus (die struikelblok). Sy belydenis aangaande Christus “U is die Christus, die Seun van die lewende God”, moes lei tot die onvoorwaardelike navolging van Christus. Die wêreld moedig jou aan om jouself te vertroetel, maar die Here roep jou om jouself te verloën. Die enigste manier om waarlik te lewe is om aan die self te sterf en Christus deur geloof te volg.

PETRUS

Die naam Petrus beteken “klip” (Johannes 1:40–42). Al God se mense is “lewende stene”, maar Jesus is die Rots (1 Pet. 2:4–8; Hand. 4:11–12; Ps. 118:22), en Sy kerk is op Hom gebou (1 Kor. 3:11). Elkeen wat uit genade gered is, word 'n lewende steen wat in die geestelike tempel ingebou is (Ef. 2:19–22). Aan Petrus is nie die sleutels van die hemel gegee nie, want Jesus hou dit (Op. 1:18), maar die "sleutels van die koninkryk van die hemele" (Matt. 16:19). Hy het die voorreg gehad om “die deur van geloof” (Hand. 14:27) op Pinksterfees (Hand. 2), die Samaritane (Hand. 8:14 env.) en die heidene (Hand. 10) oop te maak. Die sleutel is die verkondiging van die Evangelie.

Wanneer die Evangelie in die krag van die Heilige Gees verkondig word, sluit dit vir mense die Koninkryk van die hemele oop.